Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

DIE HEROUT

Sondag, 25 April 2010

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 25 APRIL
09:00 Erediens: Freddie Schoeman

MAANDAG, 26 APRIL
Skole vakansiedag

DINSDAG, 27 APRIL
VRYHEIDSDAG
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
Geen Delta-kursus nie

WOENSDAG, 28 APRIL
17:00 Biduur

DONDERDAG, 29 APRIL
09:00 Bybelstudie Snr Lidmate (Delta-kursus)

VRYDAG, 30 APRIL
18:00 Jeug: "BASH"

SATERDAG, 1 MEI
WERKERSDAG

SONDAG, 2 MEI
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 Erediens: Freddie Schoeman (Doop / Voorbereiding)
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

DINSDAG, 4 MEI
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
18:30 Delta-kursus

WOENSDAG 5 MEI
Klub Immergroen—Uitstappie Sammy Marks
17:00 Biduur

DONDERDAG, 6 MEI
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate (Delta-kursus)

SONDAG, 9 MEI
09:00 Nagmaal: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Frieda Collins, Stormstr 259(a) wat Dinsdag geopereer is (Blok 4)
2. Jan van der Merwe, DF Malanln 12 wat in die hospitaal was (Blok 4).
3. Carla Pretorius, Concerto Park 107 wat geopereer is en tuis aansterk (Blok 4).
4. Jaco Uys, seun van Andries en Adele Uys, Smutsln 120, met wie dit baie beter gaan. (Blok 3)
5. Floris en Marietjie Bellingan, Hans Strijdomln 101 met Marietjie se vader (Andries Fourie) wat sy heup gebreek het (Blok 3).
6. Michiel en Esmarie van Niekerk, Mont Valon 26, Von Willighln 166 met Esmarie wat ontslaan is uit die hospitaal en tans tuis aansterk. (Blok 4).
7. Adam en Shereen Barnard, Witelsstr 1 met Shereen se moeder en vader wat ernstig siek is (Blok 4).
8. Willie en Tania Neü, Krugerln 250 met Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok1).

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis
van die lewe te ontdek

20 Julie 2010—21 September 2010

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00
Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan
of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

Almal is welkom! Nooi gerus alle ander (familie, vriende, kollegas) wat nog die Alpha-kursus bygewoon het nie.

Vat vyf: identifiseer vyf persone wat nie die Here of die warmte en liefde van 'n geloofsgemeenskap ken nie en bou 'n verhouding met hulle op.
Nooi hulle om die Alpha-kursus by te woon.

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloofoffer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 0600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

Vanweë die veiligheidsituasie is dit meer wenslik om by huise te kollekteer nie.

RUSOORD GHOLFDAG 21 MEI 2010

Rusoord versorg 'n aantal inwoners wat nie hulle volle versorgingskoste kan betaal nie. Fondse word jaarliks ingesamel om hierdie bejaardes finansieel by te staan.
Een van die projekte vir 2010 is 'n gholfdag op 21 Mei 2010 by die Dienste Gholfbaan (Voortrekkerhoogte). Inskrywingsgelde beloop R 350-00 per speler.
Vir meer inligting en inskrywings, skakel asb Bubbles Burger by 012 - 664 3388 / 082 820 4327.

Wil jy graag dien maar jy weet nie waar nie?
Wil jy weet wat jou talente en spesiale vermoëns is?

ONTDEK JOU POTENSIAAL

Kom vind uit waarmee die Here jou toegerus het
Ontdek jou onontginde natuurlike vermoëns en talente
en jou unieke samestelling
Kry duidelikheid oor jou beroepskeuse
Leer hoe om talente om te sit in areas van uitnemendheid
Verneem waar jy 'n unieke bydrae kan lewer

Werkswinkels hierdie jaar:
22 Mei 2010 (08:00—16:00)
28 Augustus 2010 (08:00—16:00)
6 November 2010 (08:00—16:00)

Koste: R290
(Sluit in: 'n internet-toets wat vooraf gedoen moet word;
kursusmateriaal, verversings en 'n middagete)

Skryf in deur: 'n SMS te stuur aan 0845818139
'n Terugvoervorm te voltooi

VARS VRUGTE EN GROENTE TEEN GROOTMAAT PRYSE

NELTROPICA FRUIT van Rachel en Adri Maartens gaan vars groente en vrugte verpak soos versoek, teen grootmaat pryse, op bestelling aflewer by die kerk oor naweke.

Bestellings kan geplaas word by: 012 323 9200 (bedags)
012 664 4770 / 082 345 5681 (saans)

PSALM 23

'n Psalm van Dawid

Die Here is my herder,
Ek kom niks kort nie.

[2] Hy laat my in groen weivelde rus.
Hy bring my by waters
waar daar vrede is,

[3] Hy gee my nuwe krag.
Hy lei my op die regte paaie
tot eer van sy Naam.

[4] Selfs al gaan ek deur donker dieptes,
Sal ek nie bang wees nie,
want U is by my.
In u hande is ek veilig.

[5] U laat my by 'n feesmaal aansit,
terwyl my teëstanders moet toekyk.
U ontvang my soos 'n eregas,
ek word oorlaai met hartlikheid.

[6] U goedheid en liefde
sal my lewe lank by my bly
en ek sal tuis wees
In die huis van die Here
tot in lengte van dae.

JAFFELS BY DOSYNE

Die bemarking was gedoen en bestellings is aangeteken
Sewe honderd jaffels is die aanvraag, sal hul daarmee kan afreken?
Die maalvleis word ook sommer al vooraf klaar gekook
Die berg van brood die staan ook daar, bykans skouerhoog.

Sewe honderd jaffels, gesnyde brood maak dit twee keer meer.
Maar Ria's tot die tweede mag sal dit gou met botter smeer.
Gashouers staan daar klein en groot, met vlamme aangesteek.
Dan kom daai lang ry panne, amper tot volgende week.

Die eerste baksel sukkel, want die panne is nog koud.
Maar dan raak dinge warm en die manne raak benoud.
Die klaar gebakte jaffels word met skinkborde weggedra
Die vul van leë panne, dit skarrel met die manne wat nog vra.

Vier produksie lyne werk al van die oggend baie vroeg
Daar is brood, dit word gesmeer, en vulsel bygevoeg.
Hulle laai dit dan in panne en kante word afgesny
Dan bak die manne onverpoos maar die brandpunt word vermy.

Halfmerk word bereik, ons kan dit duidelik sien.
Daar is tyd vir n lafenis, en drinkgoed word bedien.
Dan weer volstoom aan die werk, die bestellings lê en wag.
Rina en Marietjie dra al swaerder onder die kos vrag.

Dan skreeu Thea, nog net ses elk, en die teiken is bereik!
Almal skep nou nuwe moed, of so wil dit blyk.
Die ses elk is later tien, maar dan is die berg van brood gelyk.
Die gasvlamme word afgedraai, verslae staan almal en kyk.

Die laaste jaffels word ge "trim" en in houers netjies verpak.
Nou kan die kopers maar kom, alles staan reeds op die rak.
Skielik word dit stil en rustig en die helpers begin nou ry.
Ons glo egter volgende keer gaan ons die duisend merk verby.

NS. Aan almal wat gehelp het, baie dankie.
Aan almal wat nie gehelp het nie,
julle weet nie wat julle gemis het nie,
die atmosfeer was "magic"!!!

<u>Ons span se tema:</u>

En die manne met die panne,
Met die jaffels in die hande,
Dis die manne van die NG Kerksaal.

(Dave de Bruin)

VOORBEREIDING VIR VOLGENDE MôREMARK!!

Nouja 'n mens kan ook nie terugsit nie. Daar word nou al gewerk vir die volgende môremark. Dit sal waardeer word as u vir ons met van die volgende items kan help:

- Oorskiet lappe, kant, lint, krale, geskenkpapier en karton.
- Gebruikte kaartjies (verjaardag, kers en alle soorte).
- Houthangers.
- Ou gebruikte CD & DVD's. (Kom gooi dit by Rusoord weg - ons gebruik dit om bruikbare artikels te maak).
- Groot sleutelringe.
- Hekelgare.
- Wol - veral "fluffy wol".
- Organza lap.
- Potplanthouers (plastiek/ glas)
- Leë Ensure/ Shape blikke.

Dankie dat u weer na Rusoord se saak luister.

Rusoord groete : Joggie Pretorius

CULLIFEST - PREMIERMYN GEMEENTE

Ons het die vrymoedigheid om weer te vra om Cullifest asseblief op julle afkondigings te plaas, dalk in julle familienuus te plaas, of dalk nog aan almal op julle adreslys te stuur. Cullifest is ’n baie gewilde jaarlikse familie feesdag en trek feesgangers so ver as die Vrystaat, Oos-Rand, Witbank, Groblersdal en Pretoria, wat deur die NG Gemeente Premiermyn georganiseer word. Cullifest stel ons gemeente in staat om finansiële verpligtinge na te kom.

- 'n Persentasie van die wins wat hierdeur verdien word, stel ons in staat om bydraes toe te ken aan verdienstelike gemeenskaps-projekte.
- Dit sluit in ondersteuning van Kinderhuise, Skole, Opheffingswerk onder straatkinders in Pretoria, Qumihuis, ens.

Baie dankie, ons waardeer jul ondersteuning.

Tienie de Bruyn

BESPREKINGS/NAVRAE: 012 734 2637 / 082 925 5671

http://www.premiermyn.ng.org.za

Delta Kursus
Dissipelvorming deur Bybelstudie

Dinsdagaande 5 Oktober – 23 November 2010 om 18:30-21:00
Formaat: Interaktiewe kleingroep met sterk insette ten opsigte van kennis en inligting.
Daaglikse studie van ongeveer 30 minute
Benodig 'n vars nuwe Bybel!
Koste: R100 vir kursusmateriaal

4000 jaar in een aand Abraham tot Christus (Geskiedenis van Israel / Juda) Christus tot ons (Geskiedenis van die kerk) Bybel in Konteks – hoekom dit belangrik is. Beginsels vir studie van die Bybel Die Bybel is God se Woord in mensetaal Christus is die Lewende Woord. Ons ontmoet Hom in die Bybel.	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 3) Die boeke wat na die Ballingskap geskryf is Jesaja 56-66 Haggai en Sagaria Maleagi Esra en Nehemia Kronieke Jona en Rut Joël Ester en Daniël
Die tale van die Bybel Grieks en Hebreeus Manuskripte Teksoorlewering Kanonvorming Apokriewe boeke Literatuursoorte	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 4) Paulus en sy briewe Handelinge Die Joods-Romeinse oorlog
Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 1) Die boeke wat voor die Ballingskap geskryf is (1000 v.C. – 586 v.C.) Genesis 2 en verder Eksodus Verhale oor Elia en Elisa Troonopvolgingsverhaal Amos en Hosea Jesaja 1-39 en Miga Nahum Sefanja en Habakuk Jeremia	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 5) Evangelies en Openbaring Matteus Markus Lukas Johannes Openbaring
Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 2) Die boeke wat tydens die Ballingskap geskryf is (586 v.C. – 539 v.C.) Esegiël Jesaja II Josua – 2 Konings Levitikus en Numeri Genesis 1	Wie was Jesus? Resultate van die Historiese Jesus navorsing

CMR KLEREVERKOPING

VRYDAG 30 APRIL EN VRYDAG 7 MEI
BY NG KERK KLOOFSIG OM 14:30

Die CMR Lyttelton hou klereverkopings om fondse in te samel vir die aankoop van voedsel vir gesinne in nood. Ons sal baie bly wees as u dalk u huishulp/tuinier of enige ander persoon wat sou belangstel in hierdie verkope sal vertel en stuur, of bring.

Daar is soms gordyne, linne, speelgoed, kombuisware, meubels, skoene, kinder-, mans- en vroueklere (dikwels in 'n goeie toestand) teen spotgoedkoop pryse beskikbaar. (Skenkings van bogenoemde is ook baie welkom).

Die verkopings vind plaas op DV Vrydag 30 April en Vrydag 7 Mei by die NG Kerk Kloofsig, h/v Unionlaan en Bothastraat, Kloofsig, om 14:30.

Gemeentelede wat graag by hierdie projek betrokke wil raak of enigiets wil skenk, kontak asb vir Annamarie by die CMR kantoor : 012-664 0901 of sel 076 105 7778.

Werkloosheid neem toe en hierdie kantoor kan ook die styging in voedselnood in die aanmeldings by die CMR sien.

Dankie byvoorbaat

Anel Roux
Senior Maatskaplike Werker

ATTESTATE ONTVANG

Vanaf West View Methodist Church:

Belydende lidmate: Rudolf Dercksen en Tersia Kock (nou Dercksen)

Dooplidmate: Telani en Rune Dercksen

Hulle woon in Merwedehof 7, Susanstr Wierdapark (Blok 4)

Hartlik welkom by Lyttelton-Oos. Ons hoop julle sal baie gelukkig wees by ons.

OMSENDBRIEF CMR LYTTELTON : MAART 2010

LYFSTRAF

AANVAARBARE DISSIPLINE OF KINDERMISHANDELING?

Dit is baie maklik om die fyn lyn tussen aanvaarbare dissiplinering en onaanvaarbare kindermishandeling oor te steek, veral as 'n ouer onder buiten-sporige druk en spanning gebuk gaan. Om seker te maak dat jy as ouer nooit hierdie lyn oorsteek nie, is dit veiliger om nie lyfstraf as dissiplineringsmetode te gebruik nie.

Dissipline in die vorm van grense, perke, ouderdoms-toepaslike reëls en ooreenkomste is noodsaaklik vir die ontwikkeling van 'n jong kind. Dit word gedoen deur:

- Ouers moet self gedissiplineerd wees om 'n goeie voorbeeld te kan stel.
- Reëls is nodig sodat kinders weet wat van hulle verwag word.
- Reëls en beperkings moet minimaal wees en konsekwent toegepas word.
- Wees geduldig. Kinders vergeet maklik en herhalings is nodig om te leer.
- Onderskei tussen 'n versoek en 'n opdrag. Die kind mag 'n versoek weier.
- Maak gebruik van positiewe opdragte sodat 'n kind kan weet wat hy moet doen en nie net wat hy nie moet doen nie.
- Tree waar moontlik voorkomend op sodat straf nie nodig is nie.
- Kinders verwag dat ouers hulle sal dissiplineer omdat dit vir hulle 'n gevoel van veiligheid en geborgenheid gee.
- Positiewe gedrag behoort aangemoedig en beloon te word.

Hoekom werk lyfstraf nie?

- Dit gee onmiddellike, maar nie blywende resultate nie. Die kind sal dieselfde weer doen wanneer die ouer nie kan sien nie.
- Die plesier word teen die pyn opgeweeg. Dit is soms vir die kind die moeite werd om die pak slae te kry vir die plesier van die oortreding.
- Om effektief te bly, moet die graad van lyfstraf van tyd tot tyd verhoog word.
- Dit kan aggressiewe gedrag by die kind versterk.

Wat doen ek as my jong kind met swak gedrag volhard?

- Waarsku die kind en stel aanvaarbare gedrag voor.
- Verwyder die kind of voorwerp waarmee hy oortree as hy hom nie na die eerste waarskuwing gedra nie.
- Hou hom by jou sodat hy nie iets anders kan kry wat hy geniet om te doen nie.
- As hy kwaad en ontevrede is, gesels met hom oor sy gevoelens en bring die reël onder sy aandag.
- Laat hom toe om self te besluit wanneer hy gekalmeer het en gee dan toestemming dat hy kan gaan speel.

Onthou: Dissipline is nodig, nie straf nie.

BRONNELYS:

Botha, Deborah A. 2005. Ontmoet jou jong kind. Pretoria: Lapa Uitgewers
Cawood, A. 2007. Kinders moet grense hê. Suid-Afrika: Metz Press

FONDSINSAMELING

Ons Gemeente is die geleentheid aangebied om ’n kosstalletjie by die Wild Expo 2010 te bedryf om fondse in te samel. Ons gaan Koffie, Pannekoek, Koeksisters, Kerrie en Rys en/of Vetkoek en Maalvleis verkoop. Daar is reeds met die leiers van die aktiwiteite by die jaarlikse Parknaval gesels en hulle het hulle steun belowe. Ons vra asseblief dat alle gemeentelede wat kan help met die vooraf voorbereiding van die maalvleis, rys en/of vetkoek, die bak van pannekoek en die bediening by die stalletjie om hulp aan te bied en aan te dui wanneer hulle sal kan help.

BESTANDDELE sal welkom wees. Plaas is die houers by die deure nie later as **SONDAG 25 APRIL.**

Indien u ’n **KONTANT** bydrae wil gee, kan u dit in ’n koevert in die kollektebordjie plaas. Merk asseblief die koevert “WILD EXPO”.

Voltooi asseblief die onderstaande en plaas in kollektebord of skakel:

Kobus Badenhorst 083 235 1084 / 012 664 5338
of Arie Roos 082 578 6595

NAAM: _____

Tel No: _____

VRYDAG 30 APRIL

Oggend _____ Middag _____

SATERDAG 01 MEI

Oggend _____ Middag _____

SONDAG 02 MEI

Oggend _____ Middag _____

Baie dankie vir u samewerking.

VERJAARSDAE : 25 APRIL TOT 1 MEI 2010

04/25	ELMARIE	POTGIETER	HANS STRIJDOMLN 60	Blok 3
04/25	RINA	VAN DER MERWE	VAN RIEBEECKLN 149	Blok 3
04/25	JOHAN	DE BEER	KRUGERLN 218	Blok 2
04/26	BELINDA	MARTINS	KRUGERLN 112	Blok 3
04/26	JOHAN	BAUER	DF MALANLN 257	Blok 1
04/27	FRANCOIS	SMIT	DF MALANLN 223.	Blok 1
04/28	IZABELLA	CARLSON	HANS STRIJDOMLN 204A	Blok 2
04/29	KONRAD	LÖTTER	KRUGERLN 73	Blok 3
04/30	CARLA	FOURIE	HANS STRIJDOMLN 215A	Blok 2
05/01	HENNING	WESSELS	KRUGERLN 177	Blok 2

HUWELIKHERDENKING

SATERDAG, 1 MEI

WILLIE EN TOI COETZER	KRUGERLN 230	Blok 1

VRIENDELIKE VERSOEK…

Ek is tans besig met die inventaris van die kombuis se voorraad en vra vriendelik dat as daar iemand is wat moontlik van die kerk se toerusting tuis het, of u dit asseblief terug sal besorg in die loop van die week. As daar ’n probleem is met die terugbesorging van iets, skakel my en ek sal dit by u aan huis afhaal.

Baie dankie vir u samewerking.

Max Amsenga
Tel: 012 664-3629

KOSMOS TUISNYWERHEID
U VRIEND/VRIENDIN
IN DIE KOS-BESIGHEID
PETRU AUGUSTYN
Selfoon: 071 6775005
Centurion Mall Winkel 30 B
Telefoon: 012 663 1834

ONS MAAK OP VERSOEK
BLOMMERANGSKIKKINGS VIR SPESIALE
GELEENTHEDE